**Maandag 20 Junie**

**Skrifgedeelte: Johannes 19:38-42; HK Sondag 16, Vraag 41**
**Fokusgedeelte: Johannes 19:41, 42**

## Die begrafnis van Christus

Die verklaring in ons belydenis dat Christus begrawe is, om daarmee aan ons die versekering te gee dat Hy werklik gesterf het, hou meer in as wat dit oppervlakkig mag lyk. Daar was immers reeds in die eerste eeu van die Christelike kerk die siening (eintlik dwaling) dat die Seun van God by sy verskyning op aarde slegs vir die skyn die menslike natuur aangeneem het, maar dat Hy nie werklik ’n menslike liggaam gehad het nie. In die Skrif word daar ook na dié dwaling verwys (1 Joh. 4:2; 2 Joh. 7). Die implikasie daarvan is dat die groot heilsfeite soos die lyding, dood, begrafnis en opstanding van Christus waarop die Christelike geloof gebou is, nie werklik plaasgevind het nie. Hierdie dwaling het telkens in die loop van die geskiedenis van die kerk op een of ander wyse na vore gekom. Dit is selfs in die tyd van die Hervorming (16de eeu) aangetref. Tans word ooreenstemmende leerstellings van die siening gevind by die aanhangers van die Nuwe Hervorming wat die maagdelike geboorte en Christus se opstanding uit die dood loën, omdat dit volgens hulle menslik onmoontlik is dat so iets kan plaasvind.

Teenoor hierdie sienings bely ons dat Christus se dood en begrafnis nie ’n skyndood of ’n skynbegrafnis was nie, maar dat Hy werklik gesterf het en werklik begrawe is. Nou is dit opvallend dat in die Evangelies en in Handelinge 13:28-30 en in 1 Korintiërs 15:3, 4 die dood, begrafnis en opstanding van Christus in een enkele historiese perspektief gesien word, sodat wat van die een geld, ook vir die ander geld. Dit is ook hoe die gelowiges van die begin van die Christelike kerk geglo het en ons nog glo. In die belydenis van die dood, begrafnis en opstanding van Christus gaan dit oor dieselfde Jesus en dieselfde liggaam wat Hy gehad het.

Daar is nog ’n verdere rede waarom Christus soos alle mense begrawe moes word. Dit was immers noodsaaklik dat Hy ten volle en in alle opsigte vir ons ’n Borg en Middelaar moes wees. Só volledig moes Hy as Borg ons plek beklee dat God alles wat oor ons kom, ook oor Hom laat kom het. Die kort lewe van die mens op aarde begin by die wieg en eindig by die graf. So was dit ook met Jesus. So waar as wat dit is dat Hy geleef het, so waar is dit ook dat Hy gesterwe en begrawe is. Daar is geen onderdeel van God se straf op die aarde, hoe gering ook al, wat Hy nie gedra het nie. Daarom is Hy ook begrawe. Daarom kon Hy vir ons ’n volkome Saligmaker en Verlosser wees. Hy het ons sondes volledig voor God bedek.